

22 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 6:10b (lees ook Matt. 26:36-46) (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 6:10b; 26:39, 42; HK Sondag 49

Die derde bede: *Laat u wil geskied ...*

Nadat ons gebid het om die eer en die koninkryk van God, volg die derde bede. 'n Bede waarin ons bid dat ons deur sy Gees gehelp sal word om ons wil prys te gee en in sy wil te berus. Wat 'n mondvul: *Here, leer ons ons gebroke en sondige wil voor u heilige en volmaakte wil vir ons lewens neerlê.*

As ek my wil belangriker as God se wil ag, dan lewe ek soos ek wil. Ek rig my lewe volgens my eie sondige idees in. Volgens my eie wil voeg ek dan so 'n bietjie van God by. So 'n bietjie Bybellees, 'n bietjie bid, nou en dan 'n erediens bywoon. So sus ek my eie gewete, maar ek soek nie God se wil nie. In Matteus 26 sien ons hoe Christus ons voorgaan deur die wil van sy Vader te vra. Hy ken die lydingspad wat kom, tog laat Hy dit aan die wil van sy Vader oor.

Ons hele lewe is 'n stryd tussen ons eie wil en die wil van God. Ons weet en bely God regeer, maar ons eie wil maak ons maklik opstandig en teensinnig. Daarom is die derde bede ook 'n berusting dat God se wil vir ons beter is as ons eie wil. Ons bid om in die volmaaktheid van sy wil te berus, en vra dat ons getrou daarna soek, so getrou soos die engele in die hemel.

Ons leer ook in die Skrif die onderskeid tussen die verborge wil van God en die geopenbaarde wil van God. Daar is geen toeval, geluk of noodlot nie, maar alles is uit sy Vaderhand. Daarom is hierdie bede die aanvaarding dat God se verborge wil vir ons die beste is, en die belydenis dat ons in die soeke na sy geopenbaarde wil getrou wil wees.

Bid dan hierdie bede en wees getrou en gewillig in die uitvoering van die wil van God in u kantoor, u boerdery, u winkel, studeerkamer, kombuis en huis. In die hemel is daar geen onwilligheid nie. Alleen maar 'n gewilligheid. Soos in die hemel, so ook op die aarde.

Wil u bid: Laat u wil geskied?

Sing: Psalm 25:2, 6 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)